27.2 RAPPORT 2: DEPUTATE OMKEERSTRATEGIE (Artt 80, 100, 251, 260)

A. Ds P Venter lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 2.3.1 word verwys na die Kommissie vir Finansies. Sekere formuleringsaspekte in huidige punt, soos genoem in bespreking, na ‘n ad hoc kommissie: dr GJ Meijer (s), ds GP van Rhyn en prof GJC Jordaan as adviseur.
C. **Besluit:** Punt 2.3.2 word verwys na die Kommissie vir Finansies.
D. Ds P Venter rapporteer namens die ad hoc kommissie.
E. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

F. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 *Rapport Deputate vir toerusting van die ouderlinge en hulp aan kerke met die uitdra van die evangelie (24.6, Acta 2012:484)*

1.1.1 Die bepaling van predikante en gemeentes se toerustingsbehoeftes binne die GKSA.

1.1.2 Die bepaling van die beskikbaarheid van toerustingsmateriaal (nasionaal en internasionaal) wat aan hierdie spesifieke toerustingsbehoeftes voldoen.

1.1.2.1 Kontak met opleidingsinstansies nasionaal en internasionaal. In hierdie verband moet skakeling ook geskied met die TSP en die Fakulteit Teologie, veral met die lessenaar vir Voortgesette Bedieningstoerusting wat geskep is.

1.1.2.2 Opname binne kerkverband oor dit wat reeds in gemeentes gebruik word en nou beskikbaar gestel kan word.

1.1.2.3 Die evaluering van beskikbare toerustingsmateriaal aan die hand van die volgende kriteria:

1.1.2.3.1 Inhoudelike (Skriftuurlike en dogmatiese suiwerheid).

1.1.2.3.2 Die metode van aanbieding (ter wille van praktiese aflewering). Gebruik van die moderne media moet prioriteit geniet.

1.1.2.3.3 Vlakke van toepasbaarheid (diploma/sertifikaat/graad).

1.1.2.3.4 Boomlose integrasie van ‘n groter toerustingstrategie vir die kerke.

1.1.2.4 Die akkreditering van goedgekeurde toerustingsmateriaal vir die beskikbaarstelling en implementering binne (en buite) kerkverband.

1.1.2.5 Kerklike akkreditasie (Word binne gemeentes “getoets”).

1.1.2.6 Samewerking met opleidingsinstansies vir ander akkreditasie (sertifikaat/diploma).

1.1.2.7 Die vertaling van goedgekeurde materiaal vir gebruik in alle kerke.

1.1.2.8 Die koördinering van toerustingsgeleenthede binne die GKSA.

1.1.2.9 Bekendstelling van toerustingsmateriaal op streeksvlak.

1.1.2.10 Hulp aan Streeksinodes in die aanbieding van toerustingsgeleenthede.

1.2 *Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria oor die verdere toerusting van predikante (24.14, Acta 2012:504)*

1.2.1 Kerkrade word versoek om so ver moontlik ook die predikant in staat te stel om deel te neem aan verdere toerusting met die oog op gemeentelike bediening.

1.2.2 Kerkrade word versoek om mee te werk in die daarstelling, akkreditasie en gebruik van toerustingsmateriaal en toerustingsgeleenthede wat daarop gemik is om die gemeentelike bediening te bevoordeel.

1.3 *Beskrywingspunt Streeksinode Noordwes oor teologiese opleiding (24.15, Acta 2012:506)*

Die Beskrywingspunt het die volgende versoeke gerig waaraan gevolg gegee is deur die Deputate Omkeerstrategie te benoem.

1.3.1 dringende en daadwerklik aandag te gee aan die behoefte van die kerke aan teologiese opleiding dmv kort kursusse, asook op geakkrediteerde Sertifikaat en Diploma vlak.

1.3.2 die teologiese graadopleiding van predikante aan te pas sodat die missionêre (missionele) opdrag vanuit die Koninkryksperspektief ‘n fundamentele deel van die opleiding sal uitmaak.

1.3.3 aan bogenoemde sake aandag te gee aanvullend en aansluitend tot die besluite van die Nasionale Sinode (Potchefstroom), Acta 2003 (728, 1:1) en 2006 (806, 2.3.7.12) en die Algemene Sinode, Acta 2009 (813, 1.5).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.3 kennis geneem.

2. Uitvoering

Die Deputate rapporteer oor bogenoemde opdragte 1.1–1.3 soos volg:

2.1 *Opdrag*

2.2 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.2.1 Die Sinodes van die GKSA poog reeds jare lank om toerusting vir kerke te laat aanbied wat kan lei tot reformasie en gesonde groei in kerke. By die Sinode van 2009 (Acta 2009:451, 452) is besluit:

2.2.1.1 Dat kerke en leraars opgeroep word om groot erns met die opleiding en toerusting van ouderlinge te maak.

2.2.1.2 Dat die TSP duidelike leiding aan voornemende predikante gee oor die aard, inhoud en standaard van ouderlinge toerusting.

2.2.1.3 Dat kerke dit oorweeg om in gemeente- of Klassis- of Streeksinodeverband op ‘n voortdurende basis kursusse vir ouderlinge aan te bied en so te sorg vir deurlopende opleiding en toerusting.

2.2.1.4 <u>Dat hierdie kursusse o.a. die volgende insluit:</u>

2.2.1.4.1 Onderrig in basiese, tersaaklike fasette van hermeneutiek, eksegese en openbaringsgeskiedenis.

2.2.1.4.2 Onderrig in die leer van die kerk, met toespitsing op die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke.

2.2.1.4.3 Beginsels en praktyk van Gereformeerde Kerkregering.

2.2.1.4.4 Beginsels en praktyk van pastorale bediening.

2.2.1.4.5 Beginsels en praktyk van Missiologie en Apologetiek.

2.2.1.5 <u>Deputate is aangewys om:</u>

2.2.1.5.1 die werk in die besluite vervat tot uitvoering te bring

2.2.1.5.2 kerke behulpsaam te wees deur:

2.2.1.5.3 toerustingskursusse op te stel

2.2.1.5.4 alternatiewe kurrikula en leesmateriaal beskikbaar te stel vir verdere akademiese opleiding van ouderlinge (diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk).

2.2.2 By die Sinode van 2012 is die hele opdrag opgeneem in die opdrag van die “Deputate vir Omkeerstrategie” om in hierdie behoefte te voorsien.

2.2.3 Die Fakulteit Teologie het reeds oor ‘n tydperk heen gepoog om voortgesette teologiese toerustings kursusse aan te bied, maar dit was sporadies en iets van ‘n permanente struktuur wat daarop fokus kon nog nie tot stand kom nie, hoofsaaklik as gevolg van ‘n gebrek aan kapasiteit en spesifieke fondse wat daarvoor bestem is.

2.2.4 Die Omkeerstrategie Deputate het met die Senaat van die Teologiese Skool gesprek gevoer oor die kurrikulum van predikantsopleiding sowel as die aanbied van voortgesette bedieningstoerusting.

2.2.5 Dis duidelik dat daar ‘n sterk behoefte is dat predikante en ouderlinge toerusting gekoördineerd moet plaasvind om plaaslike gemeentes te help om hulle eie verantwoordelikheid na te kom. Deputate gee leiding en verskaf materiaal sodat Kerkrade self kan groei. Predikante en Kerkrade moet saam ‘n kultuur skep van voortdurende onderlinge toerusting.

2.2.6 Die beginsel ten grondslag van voortgesette bedieningstoerusting is die Skrifmodel van Efesiërs 4:11-16 en Handelinge 6, naamlik dat die besondere dienste toerustingsgawes is om die gelowiges toe te rus en te lei om in die amp van die gelowige (HK, So 12) hulle dienswerk in die opbou van die liggaam van Christus te vervul, en die plaaslike kerk as liggaam van Christus homself sal opbou in liefde.

2.2.7 Hierdie verdere voortgesette bedieningstoerusting vir predikante en lidmate moet veral fokus op die omkeerstrategie. Indien predikante en Kerkrade nie hierin leiding neem in plaaslike kerke nie, sal die omkeerstrategie nie grond vat nie. (Uit die beantwoording van 'n vraelys sowel as besprekings by Streeks- en Klassis konferensies en predikantesamekomste het heelwat predikante en Kerkraadslede laat blyk dat hulle 'n groot behoefte het aan voortgesette bedieningstoerusting.
Dit bevestig die bevindings van die Rapport van die Deputate oor bewaring en vermeerdering van die kerk van die Sinodevergadering in 2009.)

2.2.8 Uit die beraadslagings tussen die TSP en die Fakulteit Teologie en die Omkeerstrategie Deputate het die oortuiging uitgekristaliseer om hande te vat om 'n struktuur te skep wat in hierdie behoeftes kan voorsien om allerlei formele en semiformele kursusse oor kerkrevitalisering en gemeente-opbou vir Gereformeerde en ander kerke aan te bied en te laat aanbied om kerke te help om meer gesonde evangeliserende en missionale kerke te word. Die idee is dat die universiteit sulke kursusse formeel sal akkrediteer sodat mense wat daarin belangstel, daarvoor krediete kan verwerf wat na die bywoning van 'n aantal kursusse kan lei tot die verkryging van 'n formele nagraadse diploma of graad. (Die Deputate het byvoorbeeld kennis geneem van 18 maandelange kursusse wat deur moderne afstandsonderrig metodes in kerkplanting en kerk revitalisering deur die IPB in Brasilië deur hulle Jumper Graduate School of Theology aangebied word wat toegang kan gee tot 'n meestersgraad en selfs eventueel 'n doktorsgraad in Praktiese Teologie of Missiologie.)

2.2.9 Die Deputate het ook met die bestuur van Docenda[1] samesprekings gevoer met die oog op samewerking en gebruik van hulle fasiliteite vir die aanbieding van kortkursusse met die oog op voorgesette bedieningstoerusting. Die moontlikheid van finansiering deur Docenda met die oog op voortgesette bedieningstoerusting sal verder ondersoek moet word.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.9 kennis geneem.

2.3 *Sake waaroor die Sinode besluit*

2.3.1 <u>Aanbevelings</u>

2.3.1.1 'n Sentrum vir Bedieningstoerusting en Begeleiding (SBTB) word onder toesig van die Kuratore gevestig word.

2.3.1.2 'n Persoon, word deur die Kuratore aangewys om as koördineerder (Direkteur) van die sentrum op te tree.

2.3.1.3 Die te benoeme Deputate Kerkgroeibediening en ander rolspelers kan in die vestiging en funksionering van die sentrum betrek word.

2.3.1.4 Die opdrag aan die sentrum en die taakomskrywing van die koördineerder kan die volgende behels:

2.3.1.4.1 Die skryf van ter saaklike kort kurssuse wat nodig is vir die bedieningstoerusting en begeleiding in die lig van die opdrag van hierdie Rapport.

2.3.1.4.2 Die nagaan en beskikbaarstelling van reeds bestaande kort kursusse.

2.3.1.4.3 Die werf van skrywers en kundiges plaaslik en oorsee vir die ontwikkeling van kursusse om te verseker dat voortgesette bedieningstoerusting en relevante opleiding vir predikante en lidmate beskikbaar is.

[1] Docenda is 'n maatskappy sonder winsbejag wat deur die inisiatief van die GKSA se Kuratore gestig is. Die maatskappy stel hom ten doel om dit moontlik te maak dat studente wat nie na Potchefstroom kan kom nie, by Oopleersentra dwars oor Suid-Afrika en Namibië wel via moderne tegnologie as teologiese studente van die NWU se Fakulteit Teologie kan studeer. Gemeentes van die GKSA word by hierdie inisiatief betrek deurdat die gemeentes hulle fasiliteite as Oopleersentra laat gebruik en fasiliteerders vir lesings beskikbaar stel. Die doel is ook dat gemeentes betrokke raak by die studente (meestal lekepredikers) en die kerke en gemeenskappe waaruit hulle kom. Docenda is ver gevorder met 'n befondsingsmodel wat dit moontlik sal maak dat die betrokkenheid van die gemeentes nie enige finansiële las op die gemeentes plaas nie, maar alleen aan die gemeente praktiese geleenthede bied tot die uitdra van die evangelie.

2.3.1.4.4 Die fasilitering van toerusting vir predikante, ampsdraers en lidmate.
2.3.1.4.5 Die opleiding van predikante om in streke sulke kursusse te fasiliteer en aan te bied.
2.3.1.4.6 Relevante kortkursusse van die Fakulteit Teologie en TSP onder lidmate bemark word.
2.3.1.4.7 Relevante kursusse van Mukhanyo Teologiese Kollege wat deur middel van afstandsonderrig plaasvind, onder lidmate bemark word.
2.3.1.4.8 Samewerking met Docenda verder ondersoek word.
2.3.1.5 Soos relevante kursusse dmv die witbord en ander afstandsonderrig tegnologie deur die Fakulteit Teologie (so ver moontlik) en die TSP daargestel word, dit onder lidmate bemark word.
2.3.1.6 Predikante en ouderlinge toerusting gekoördineerd plaasvind om plaaslike gemeentes te help om hulle eie verantwoordelikheid na te kom. Die SBTB en Deputate gee leiding en verskaf materiaal sodat die Kerkraad self kan groei. Predikante en Kerkrade moet saam ‘n kultuur skep van onderlinge toerusting.
2.3.1.7 ‘n Spesifieke webtuiste ontwerp word waar toerustingsmateriaal in sagteware vorm geplaas kan word vir kerke om maklik af te laai en te gebruik, waar allerlei toerustingsmateriaal wat elders ontwerp is krities bespreek kan word en waar lesings en preke wat relevant is ook in .mp3 en .mp4 formaat geplaas kan word om maklik deur kerke gebruik te kan word.
2.3.1.8 Hierdie verdere toerusting vir predikante moet veral gefokus op die omkeerstrategie as vertrekpunt. Indien die predikante nie hierin leiding neem nie, sal die omkeerstrategie nie grond vat nie.

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.1.8 word verwys na die Kommissie vir Finansies.

Besluit: Punte 2.3.1.1 tot 2.3.1.4 soos aanbeveel goedgekeur.

2.3.2 Finansiële implikasies vir die vestiging van ‘’n SBTB

2.3.2.1 Daar moet aan die begin fondse beskikbaar wees om die personeel (koördineerder (Direkteur) en Administratiewe assistent) se honoraria te betaal, reis- en (wanneer nodig verblyfkoste), bemarkingskoste en publikasiekoste.
2.3.2.2 Aan die begin (waarskynlik die eerste 2 tot 3 jaar) sal al die nodige fondse gewerf moet word maar algaande sal ‘n bron van inkomste gegenereer moet word deur die aanbied van toerustingsgeleenthede en materiaal wat die hele inisiatief ‘n volhoudende projek sal moet maak. Die GKSA Kuratore sal verantwoordelikheid moet aanvaar om vanuit die kerke fondse te werf, en eventueel ‘n professor te beroep of ‘n beroepe professor gedeeltelik of ten volle af te sonder om as direkteur van die projek te funksioneer. (Communitas van die NG Kerk word bv gefinansier deur kursus en publikasie inkomste maar ook deur voortdurende fondswerwing en befondsing deur Sinodes van die NG Kerk.)
2.3.2.3 In die lig van die geweldige behoefte aan bedieningstoerusting (soos blyk uit die Beskrywingspunte wat aanleiding gegee het tot hierdie Rapport) en in die lig van die noodsaak van die toerusting in die lig van die Omkeerstrategie pleit die Deputate dat daar ‘n weg gevind sal word om die SBTB te finansier. Hierdie finansiering sal dien as saadgeld wat ‘n geweldige impak kan maak op die toekoms van die GKSA.
2.3.2.4 Daarom beveel die Deputate aan dat opdrag gegee word aan te benoeme Deputate om in samewerking met die Kuratore en die Bestuur van die Administatiewe Buro ‘n aanvanklike finansieringsplan deur die kerke te ondersoek en indien moontlik reeds in werking te stel.

Besluit: Punte 2.3.2 tot 2.3.2.4 verwys na die Kommissie vir Finansies.

2.3.3 Teologiese Opleiding

Teologiese opleiding behoort ‘n belangrike deel uit te maak van ‘n omkeerstrategie. Indien leiers binne die gemeente nie toegerus en gemotiveerd is nie, is die waarskynlikheid skraal dat vernuwing sal plaasvind.

Dit is daarom belangrik dat opnuut besin word oor die wyse en inhoud van teologiese opleiding en in die besonder opleiding van predikante.

Die volgende is belangrike sake wat aangespreek te word:

2.3.3.1 Die inhoud van die opleiding

Die samestelling van die volle kurrikulum in sy begronding, logiese opeenvolging, aktualiteit, missionale gerigtheid en toenemende toerusting van kandidate moet herevalueer word.

Voortspruitend hieruit ook die plek van alle modules wat betref die noodsaak en die inhoud daarvan, behoort deur die Senaat in samewerking met die Kuratore onderneem te word.

(Die Deputate verwys in die verband na Van Wyk, G. 2014. Missio Dei as paradigma vir die verhouding tussen geloofsgemeenskappe. Bl25-27. Potchefstroom : PhD Proefskrif. 296pp.)

2.3.3.2 Die wyse van opleiding

Deeglike wetenskaplike navorsing behoort gedoen te word na die mees effektiewe wyse van opleiding van predikante. Navorsing oor die gebruik van afstandsonderrig, in-diens opleiding, leer deur ervaring, leer deur waarneming en begeleiding van mentors en die voor en nadele daarvan behoort onderneem te word.

Studente behoort as toerusters van toerusters opgelei te word. Predikante behoort in staat te wees om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk en om toerustingsmateriaal te kan saamstel en bestaande materiaal te kan beoordeel. Hiervoor moet hulle deeglik opgelei word.

As deel van die totale opleiding moet in samewerking met plaaslike gemeentes studente doelbewus begelei te word tot geloofsgroei en ‘n lewe in teenwoordigheid van die Here.

In die geheel moet gepoog word om studente se karakters te ontwikkel om diensknegleiers te wees, hulle bedieningsvaardighede veel meer te ontwikkel deur in-diens opleiding en hulle intellektuele vermoëns en gawes op ’n geïntegreerde manier te ontwikkel.

Besluit: Punte 2.3.3 tot 2.3.3.2 goedgekeur.

2.3.4 Aanbeveling

Dat hierdie as opdrag aan die Senaat van die TSP in samewerking met die Kuratore gegee word.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.5 Opdragte aan te benoeme Deputate

Om uitvoering te gee aan 2.3.1.1 tot .2.3.2.4.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.6 Dat onafgehandelde opdragte van Sinode 2009 oor die diens van ouderling (Acta 2009:452, 5 en Acta 2009:824, 3.17) word verwys na die benoeme Deputate Kerkgroeibediening.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

G. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. 27.2, Rapport 2 van Deputate Omkeerstrategie, pt 2.3.2.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Lede van die Deputate Kerkgroeibediening het die Kommissie kom sien en inligting gegee.

2.2 Die Kommissie het hoofsaaklik 2.3.2.4 bespreek aangesien die saak daar vermeld, die kern van pt 2.3.2 is.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat die te benoeme Deputate vir Kerkgroeibediening in samewerking met die Kuratore, Bestuur van die Administratiewe Buro en die Fakulteit Teologie ‘n finansieringsplan ondersoek en indien moontlik in werking stel.

3.2 Dat die te benoeme Deputate as sameroeper sal optree.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.